**Die Suid-Afrikaanse Federasie van Veteraan-trekker-en-enjinklubs**

**The South African Federation of Veteran Tractor and Engine Clubs**

*www.savtec.co.za*

# Nuusbrief 01-2015

**Klub Komiteelede 2015**

| SAVTEC | | |
|---|---|---|
| Chairman | Koos Strydom | 082 550 8326 |
| Vice Chairman | Les Maker | 082 771 5719 |
| Secretary | Hennie Richter | 073 391 8495 |
| Treasurer | Rob North | 083 655 0958 |
| Safety Officer | Noël Holmes | 082 847 6987 |
| Co-ordinator: Newsletter | Mark Hohls | 083 709 8922 |
| Co-ordinator: Judging | Denis Usher | 083 777 1180 |
| Co-ordinator: Website | Les Maker | 082 771 5719 |
| | | |

| Klub Voorsitters | | |
|---|---|---|
| Eastern Province Vintage Tractor and Engine Club | Danie van Rensburg | 076 620 2644 |
| Hoëveld Veteraan Trekker en Enjinklub | Mark Hohls | 083 709 8922 |
| Koster Veteraan Trekker en Enjinklub | Louis Botha | 078 445 8479 |
| Noordwes Veteraan Trekker en Enjinklub | Jaco Gouws | 083 397 4277 |
| Noord Vrystaat Antieke Klub | Hannes Smit | 079 507 9196 |
| Oos Vrystaat Trekker en Enjinklub | Frannie Pieterse | 082 775 1675 |
| Sentraal Vrystaat Veteraneklub | Christo Pieterse | 082 416 9020 |
| The Natal Vintage Tractor and Machinery Club | Les Maker | 082 771 5719 |
| Vaalharts Veteraan Klub | Francis Bennie | 072 150 3513 |
| Wes-Kaap Veteraan Trekker en Enjinklub | Eniel Viljoen | 082 562 2650 |
| Noord-Kaap Veteraan Klub | Sarel Venter | 082 593 7852 |

## Lief en Leed

Dit was met groot skok om te verneem van die afsterwe van Jaco en Johann Gouws se moeder en oudste broer wat op 15 Augustus tydens 'n plaasaanval in die Elliot distrik vermoor is.
Andries Roux, een van ons stigters lede, is in September oorlede. Ons gaan hom baie mis vir al sy deelname en bydrae in die klub.

**NATIONAL JUDGING – awarded for "Best in their categories"**

***T TRACTORS***

**TA Crawler**

Koos Naude — Ransomes MG6

**TB** Steel Wheel

**TC** Rubber up to 1948

**TD Rubber 1949 – 1960**

| | |
|---|---|
| Kobus Groenewald | Lanz Bulldog |
| Hannes Smit | Ferguson TED |
| Hannes Smit | Minneapolis Moline U |

**TE Rubber 1961- 1985**

| | |
|---|---|
| Johan Gouws | Massey Ferguson 135 |
| Jaco Gouws jnr. | Massey Ferguson 35x |
| Jannie Gouws | Massey Ferguson 35 |

**TF UNrestored**

| | |
|---|---|
| Jaco Gouws | Massey Ferguson 35 |
| Gus M-Henderson | Massey Ferguson 135 |

**TG Tractor & Implement Combination**

| | |
|---|---|
| Koos Naude | Ransomes MG6 + Tiller |
| Hannes Smit | Ferguson TED + 2F plow |

**TH Group of three - same make**

| | |
|---|---|
| Johan Gouws | Massey Ferguson 35 |
| | Massey Ferguson 35x |
| | Massey Ferguson 135 |

**TI** Group of three - different make

**TJ Pair - same make, same series, different models**

| | |
|---|---|
| Jaco Gouws | Massey Ferguson 35 |
| | Massey Ferguson 65 |

**T**    Best on Show**
Kobus Groenewald    Lanz Bulldog

***J   JUNIOR***

**JTO    Best UNrestored tractor**

**JTR    Best REstored tractor**
Rudolph Gouws    Massey Ferguson 65

**JEO** Best UNrestored engine
**JER** Best REstored engine

**I   IMPLEMENTS**
**Ia** Horticultural - animal or machine driven
**Ib** Market garden equipment

**Ic**    Tractor-drawn implement**
Hannes Smit    Ferguson Plough
Koos Naude    Ransomes Tiller
Hannes Smit    SAFIM Plough

**Id** Best REstored implement

***E   ENGINES***

**EAU    Open-crank -    Unrestored**
Christo Pieterse    Stover 3HP
Stewart Campbell    National 17HP

**EAR    Open-crank -    Restored**
Hendrik Massyn    Fairbanks Morse

**EBU    Closed-crank -    Unrestored**
Sarel Botha    Wolsley 5HP
Attie Meintjies    Wolsley 5HP
Attie Meintjies    Fairbanks Morse

**EBR    Closed-crank -    REstored**
Sarel Botha    Wolsley 3HP
Hendrik Massyn    Lister
Hennie Swanepoel    IHC Mogul

**ECU    Combination -    Unrestored**
Tim Ketley    Lister/Liner mixer

| | | |
|---|---|---|
| | Ralph Hohls | International Harvester |
| | Stewart Campbell | Wolsley 5HP |

**ECR Combination - Restored**

| | | |
|---|---|---|
| | Johann Krause | Lister + pump |

EDU Best three engines of one make - Unrestored

**EDR Best three engines of one make - Restored**

| | | |
|---|---|---|
| | Brian Collinge | Lister x 3 |
| | Keith Davey | National x 3 |

EEU Best three engines of different make – Unrestored

**EER Best three engines of different make – Restored**

| | | |
|---|---|---|
| | Hendrik Massyn | John Deere |
| | | Fairbanks Morse |
| | | Ruston Hornsby |
| | Rod Hubbard | Wolsley |
| | | Petter |
| | | Coventry |

**E** Best on Show**

| | | |
|---|---|---|
| | Sarel Botha | Wolsley 3HP |

***V LORRYS & BAKKIES***

**VAO Pre-war to 1948 - Unrestored**

| | | |
|---|---|---|
| | Manfred Hillermann | Chevrolet 1941 |

**VAR** Pre-war to 1948 - Restored

**VBO** Post-war - 1949 to 1985, Unrestored

**VBR Post-war - 1949 to 1985, Restored**

| | | |
|---|---|---|
| | Les Maker | Desoto 1951 |

**V**** Best REstored bakkie

***SAV SAVTEC***

**Inter Club competition**

Natal Vintage Tractor & Machinery Club
Wes-Kaap Veteraan Trekker en Enjinklub
Hoeveld Veteraan Trekker en Enjinklub

# Streeksnuus/ Club news

## Noord Vrystaat Antieke Klub:

So bietjie nuus uit ons kontrei:

Die Bokkieweek saam met Kroonstad Hoërskool was vir ons `n groot sukses. 39 Trekkers, 10 Ploeë, 9 enjins, 3 Motors en `n Huishoudelike uitstalling. Ons Klublede en `n paar van ons vrouens het hard gewerk en tradisionele kos soos Afval, Pap en Kaiings ens. verkoop. Ons het slee getrek en lekker saam gekuier vir 4 dae. Ons doen dit volgende jaar weer.

Ons Palm Opedag was ook weer `n dag om te onthou en bygewoon deur meer as 100 mense. Ons het lekker geploeg en lekker gespeel en toe die dag afgeluit op ons gebruiklike wyse met `n braai.

Ons September trekkerrit was net `n week voor die Nasionale skou en dus `n bietjie kleiner as gewoonlik maar net so vol prêt.

17 Okt was ons klub se algemene jaarvergadering met `n vol agenda want in Noord Vrystaat gebeur dinge nou vinnig en ons program is vol. Ons aansoek as "Nie winsgewende organisasie" is ver gevorder en ons gaan saam met die Blouskool `n reuse skou hou. Die datum is 26 en 27 Feb 2016 op die terrein van die Kroonstad Landbouskool. Dan gaan ons ook die Noord Vrystaat Veteraan Ploeg Kampioenskappe daar afhandel na uitdunne op Palm. Hierdie geleentheid gaan nou `n jaarlikse instelling word en omdat die terrein uitstekende fasiliteite bied sal ons verseker in die toekoms die nasionale skou hier wil aanbied. Die klub se bestuur is onbestrede herkies.
Ons het 5 enjins tydens die vergadering gekry vir die Engen kompetisie en al vyf inskrywings is nou ingedien.

Ons het met drie trekkers en 8 enjins aan die nasionale skou gaan deelneem en met `n paar pryse teruggekom.




MASSEY-HARRIS
MASSEY-HARRIS
MASSEY-HARRIS
MASSEY-HARRIS


TWIN-POWER
102 JUNIOR
MASSEY
HARRIS
CASE
CASE










TEL: (056) 213 3222
Quantum
FIELD SERVICES

Noord Vrystaat tydens die Nasionale skou









MINNEAPOLIS-MOLINE

## Wes-Kaap Veteraan Trekker en Enjinklub:

**<u>Oesdae in die Wes-Kaap</u>**

As die Wes-Kaapse graanboere teen die middel van November klaar graan gestroop het, sal mens dink almal van hulle maak hul gereedskap skoon en bêre dit tot die volgende oes, maar nie regtig álmal nie… Versamelaars van veteraan-plaasmasjinerie haal dan hul veteraan-oesgereedskap uit en speel eers ’n bietjie met hul “ougoed”. Die gevolg is dat teen die einde van November en aan die begin van Desember elke jaar so ’n stuk of vyf-ses oesdae deur lede van die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub gehou word.

**<u>NARDOUWSBERG</u>**

Die eerste oesdag in die Wes-Kaap is in die jaar 2000 deur een van die huidige Wes-Kaapse komiteelede op ’n plaas in die afgeleë Nardouwsderg landboudistrik, ’n plato op ’n uitloper van die Cederberge (amper in Namakwaland!) gehou. Nico Lubbe het op die plaas waar hy grootgeword het die oespraktyk van sy kinderdae met sy broer se bewaarde masjinerie herskep. By dié geleentheid het die besoekers selfs dieselfde kos geëet as wat destyds in ’n groot swartpot vir die span werkers gekook is wat saam met die dorsmasjien van plaas tot plaas getrek het, naamlik vaalvleis op ’n dik homp tuisgebakte brood. En swart koffie om die stof af te sluk. [Die paar doppe vaaljapie deur die loop van die dag het ongelukkig ontbreek!] Nie baie mense het die geleentheid bygewoon nie, maar dié wat daar was, is aangegryp deur die idee van ’n oesdag. Nog nooit weer is ’n oesdag op die Nardouwsberg gehou nie, maar die “oesdagsaadjie” is gesaai en dra vandag oorvloedig vrug in die provinsie.





## BRAKFONTEIN BY RIVERSDAL

Ná Nardouwsberg het Brakfontein, ’n plaas op ’n vlakte tussen Riversdal en die see aan die beurt gekom. Die eienaar van die plaas, Emile Cronjé (wat nou ongelukkig nie meer ’n lid van Wes-Kaap is nie) het ’n baie groot versameling trekkers en ’n interessante verskeidenheid oesmasjinerie. Met die laaste tel, het hy ’n tuk of tien stropers gehad. Op brakfontein is indrukwekkende oesdae gehou, want nie net is Emile se masjinerie ingespan nie, maar nog meer lede van die Suid-Kaapse kleinklub het hul trekkers en snymasjiene gebring. Ook hier was dit moontlik om van die sekel tot die stoper te demonstreer. Brakfontein is ver van die naaste dorp en is alleen bereikbaar langs ’n lang grondpad, wat ook sy tol geëis het. Die grootste getal besoekers op so ’n Saterdag was 200. Die laaste oesdag op Brakfontein is in 2009 gehou.

Die Suid-Kapernaars se oesdag het egter herleef, hoewel op ’n veel kleiner skaal. Deesdae gaan oes die Suid-Kapenaars op Kobus Groenewald se plaas op die Stilbaai-pad. Dis nie ’n groot verskeidenheid masjinerie wat ingespan word nie, maar genoeg om te sny, te stroop en te dors. En almal geniet dit terdeë.





## CERES/KOUE BOKKEVELD

Hierdie groep se oesdag verskil van die ander in dié sin dat hulle ’n deel van een van die lede sa plaas gebruik om te saai en te oes. In die herfs word die graan op ’n saaidag met hul veteraan-gereedskap gesaai, en op die laaste Saterdag wat die silo’sop Cerers oop is, word die graan gestroop en gelewer. Hierdie saaiery en oesbedrywighede, al is daar met die oes die minimum gereedskap, is sommer ’n feestelikheid, want die land lê amper teenaan die dorp en langs die pad.

Hierdie klub het ’n beleid dat die wins op die projek aan liefdadigheidsinstellings gegee

word.
Ook by BONNIEVALE en MALMESBURY word oesdae gehou. Dit dien ook as sosiale geleenthede vir die klublede van die ongewing.
By die Kleinplasie opelugmuseum op WORCESTER het ’n dorsdag ook herleef nadat die museum ’n nuwe bestuurder gekry het wat besef het dat samewerking met lede van die Wes-Kaapse klub en die plaaslike landbougemeenskap groot voordeel vir die museum inhou.
Die oesdae wat by DARLING en BOTRIVIER gehou word, is in ’n sekere sin kommersieel van aard. By Darling saai die lid self sy grond met sy ou John Deeres en sny en dors die koring as deel van ’n toerisme-projek.
Die oesdag by Botrivier is op ’n pragtige wynplaas, Kompagnesdrift, met ’n gerestoureerde watermeul (Andy Selfe), en die oesery gaan gepaard met ’n wynproe en heerlike etes onder die eike aan potensiële wynkopers. Hier oes die Villiersdorpers.





**MOORREESBURG**

Soos sake ontwikkel het, kan die oesdag by Moorreesburg as die vlagskip-oesdagprojek van die Wes-Kaap gesien word. Dis ook reg so, want in die distrik Moorreesburg is die koringbedryf nie net die vernaamste landbou-altiwiteit nie – dis op baie plase die enigste. En dis gróót. En wat meer is, op Moorreesburg is die enigste museum in die land wat op graanverbouing ingestel is, en glo een van drie in die wêreld. Dis die Koringbedryfmuseum.
Die gereelde oesdae in die Swartland het begin met ’n oesery met veteraan-gereedskap wat meer as ’n dekade gelede gehou is as deel van die viering van die plaaslike NG Kerk se 125 ste verjaardag, en het daarvandaan ontwikkel tot waar dit vier jaar gelede en vanjaar in samewerking met die Koringbedryfmuseum aangebied word.
Vanjaar het twee groot borge sonder dat enigeen daarvoor gevra het tot die projek toegetree. Sowat 18 ha munisipale grond is gesaai en word geoes, en elke sent word aan die museum geskenk. Die geld uit die projek geïn mag net aan spesiale ontwikkeling gewy word, en die besluit was om vanjaar se geld aan die oprig van ’n antieke koringmeul by die museum te wy. Ongelukkig is die potensiaal vanjaar méér as gehalveer deur die ernstige droogte wat die streek beleef.
Twee lede van die museumraad is lede van ons organisasie. Hulle is só gekies. Die samewerking tussen die museum, die borge en die Wes-Kaapse klub is van die beste. Dis een van SAVTEK se ideale dat sy lede op amptelike vlak by bewaringsinstansies soos “landbou”-museums betrokke raak, en by die Koringbedryfmuseum op Moorreesburg is

daardie ideaal bereik.







## Villiersdorp's "trekkermanne" acknowledged for their contributions to their village

On Saturday 30 May the Villiersdorp Tractor & Engine Club received a trophy for what it has done for Villiersdorp, from the Villiersdorp Besigheidsforum.

During the previous week, the full R1.3m was paid over for the purchase of the ground where Steam Tug Alwyn Vintcent will stand, at the entrance to Villiersdorp, on the left as you come in from Grabouw, Franschhoek and Caledon, just after the large Betco and Arbeidsvreugd packsheds. The property includes a thatched house and a farmstall.
The house will be converted into a restaurant, the padstal is already operating with our members' wives.
The Tug will be fitted out with a honeymoon suite in the Captain's cabin, back-packers in the Fo'c's'tle (perhaps not at the same time!) and the wheelhouse will be used as a wine-tasting venue-with-a-difference. Shares in the enterprise are still available at R500 each!

Comment from the Head of Tourism in the Theewaterskloof Municipality:
'Some wonderful things happening in Villiersdorp. Very excited for Tourism that the entrance to the town will be a focus point for development. Keep up the good work.'



Second from left is Eniel Viljoen, charman of the Western Cape Vintage tractor and Engine Club.
Just right of the middle are two prominent members of the Western Cape club, namely Denis Usher and Andy Selfe.

## Baie geluk aan die Natallers!

Hier uit die suidweste van die land wil ons vir ons mede bewaarders daar in die "Last Outpost" gelukwens met die baie suksesvolle en aangename nasionale skou wat hulle teen die einde van September aangebied het. Hulle het hul skoudatum n.a.v. 'n versoek uit die Wes-Kaap aangepas, en op die oog af het alles uitgewerk – vir beide klubs.
Ons klompie besoekers uit die Wes-Kaap het die skou baie geniet. Ons ondervoorsitter het die opmerking gemaak dat ons baie by die Natallers kon leer. Dis verseker dat hy daardie lesse gaan toepas wanneer hy volgende jaar ons ekspo naby Malmesbury gaan organiseer. Ons sal ook altyd met aangename herinneringe terugdink aan die organiseerders se gemoedelikheid en gasvryheid.
Doe zoo voort… (Sou Les en Rob tog hierdie Hollands verstaan?)




Valda North se versameling naaimasjiene is 'n bate vir die hele land. Sonder haar passie sou ons veel armer gewees het.

## Hoëveld Veteraan Trekker en enjinklub:

### “EK HET IN DIE McCORMICK B450-FABRIEK GEWERK...”




Ons trekker-manne wens dikwels dat ons in tyd teruggeplaas kan word na die dae toe ons gunstelingtrekker in ’n fabriek vervaardig is.
Ai, om net eenmaal te sien hoe die 1940-model trekkers in rye op die monteerbaan ingeryg staan,
fabriekswerkers met wit oorpakke wat komponente
aanbring, skoon werksareas, alles splinternuut, oorhoofse hyskrane wat die swaar onderdele op presies die regte plek neersit, ’n 1940 Case




waarvan jy net die aansitterknoppie druk en hy loop dadelik soos ’n horlosie, jy trek net ’n pennetjie op die paneelbord en die 6-volt ligte brand perfek. Splinter-
nuwe Good Year -bande wat nog “stink-nuut” is......

Wel, ek ken iemand persoonlik wat die voorreg gehad het om al hierdie dinge te beleef!



Tydens die Plaasfees van 2014 maak ’n 74-jarige jongman sy opwagting by Willem Prinsloo-museum en
kyk verlangend na veral die McCormick’s en Farmall’s. Hy stel homself bekend as Hennie Myburgh en noem so terloops dat hy “vroeër jare” in die McCormick-fabriek in Isando gewerk het. Die storie kom by die uwe, Frans Pretorius (wat self ’n oordrewe belangstelling in B-450’s het), uit en ek besef dadelik dat ek en hierdie man man lekker gaan gesels...báie lekker!

So gebeur dit dan dat Hennie en ek een Saterdag die pad vat na Jan Ferreira se kleinhoewe waar my eie B-450 al vir 10 jaar veilig onder die wakende oë van twee rifrughonde en drie foksterriërs staan. Hennie het hoeka die wens uitgespreek dat, as hy “tog net eenkeer weer kan hoor hoe loop ’n B-450....”. Daar aangekom gaan ons deur al die drils van battery koppel en water, olie, en diesel nagaan. Voordat ek die aansitter draai, vra ek Hennie eers nederig om verskoning dat ek ’n bietjie quick start in die inlaat spuit. (Ek voel elke keer skuldig as ek dit doen)! Ek draai die aansitter en dan begin

die wit-blou rookwolkies uit die knaldemper skiet, gevolg deur die welkome gedreun van ’n goedversorgde BD-264 enjin. Enige persoon wat iets van ’n B-450 of ’n Super-BMD weet, sal mos beaam dat daardie dreuning tussen duisend ander uitkenbaar is. Ek kyk onderlangs na Hennie en dis net asof ek ’n wasigheid in sy oë bemerk!



Terwyl ons rondom die luierende B-450 kuier, vertel Hennie my sy storie. Hy het gedurende 1965 by International Harvester se aanleg in Isando gewerk, waar sekere reekse IH-trekkers gemonteer is - hoofsaaklik McCormick B-450 en International B-414. Dié trekkers is uit Brittanje per skip na Suid-Afrika ingevoer, waar dit vanaf Durban-hawe per spoor na Isando vervoer is. Die trekkers was in groot houtkratte verpak. Wanneer die krat oopgemaak is, het dit die enjin- en ratkasgedeelte bevat, met die voor- en agteraste, wielvellings, modderskerms en ander los komponente langsaan verpak. Al die dele was dan reeds in IH-rooi geverf en alle plakkers (decals) reeds aangebring.



Hennie sê hulle was vyf spanne van twee elk wat pal die B-450’s aan mekaar gesit het. Hulle posbenaming was dié van “assemblers”. Elke span moes daagliks minstens twee B-450’s aanmekaar sit. Stap 1 was gewoonlik om die PTO te verwyder en dan om die agteraste te monteer. Met die nodige hystoerusting en ander gereedskap was dit nie te moeilik nie. Sodra die voor- en agteraste gekoppel was, is die hele trekker met ’n hyskraan gelig en op staanders geplaas. Hierna is die wiele opgesit. Nie een van die assemblers was professionele werktuigkundiges van beroep nie, hulle is sommer indiens opgelei en gewys hoe om byvoorbeeld die bedrading te koppel en ander monterings te doen.

Wanneer alles aanmekaar was, is die trekker aan die gang gesit. Sou dit gebeur dat ’n trekker nie wil vat nie, is ’n werktuigkundige geroep en het hy die fout kom herstel. Vanaf die monteer baan is die volledige trekker na die spuitverf-werf geneem waar die verfwerk oorgedoen is om enige krapmerke of skade wat tydens die montering aangerig is, te herstel. Gemiddeld het daar daagliks 10 splinternuwe B-450’s die monteerwerf in Isando verlaat. Elke span moes deeglik boekhou van watter trekkers hulle gemonteer het, deur onder andere noukeurig die reeksnommers in te vul en daarby te teken. Gedurende piektye, wanneer die boere meer trekkers bestel het, moes

produksie verhoog word en het die manne tot 21:30 saans gewerk. Onthou dat hierdie ’n uiters gewilde trekker gedurende die vroeë- en middel sestigerjare was!
Dit was in die goeie ou dae voor die opkoms van vakbonde. Daar was nie die luuksheid van dissiplinêre verhore of mondelinge en skriftelike waarskuwings nie; die assembler wat nie sy werk behoorlik gedoen het nie, is maklik summier afgedank, einde van storie! In die voormiddag was daar 10 minute teetyd en etenstyd was net ’n halfuur. Hennie herinner hom hoe “stout” en vol kattekwaad die manne daar tussen die monteerbane was. Elkeen het as deel van sy uitrusting ’n stuk lap (“waste”) in sy oorpak se agtersak gedra. Iemand sou maklik ’n makker van agter bekruip en stilletjies die punt van die stuk lap aan die brand steek, met ooglopende gevolge! Soms is ’n man se kosblik gegaps, die toebroodjies uitgehaal en is die kosblik vol ghries gepomp en weer in die ou se kas geplaas! Dit was rowwe manne - wat taalgebruik betref nie ver agter ’n matroos nie!
Ai, ek sou wat wou gee om net vir een dag ’n vlieg teen die dak van daardie fabriek in Isando te kon wees.

## DIE ROLYNA TREKKER

Hierdie artikel het eers verskyn in die Landbouweekblad van 15 September 1964, en toe 50 jaar later in die uitgawe van 3 Oktober 2014.
BOER BOU EERSTE SA TREKKER
Terwyl kudiges tans druk besig is met planne vir die oprigting van trekkerfabrieke in die



Republiek, is hulle voorgespring deur ‘n boer wat die eerste Suid-Afrikaanse trekker reeds kant en klaar gebou het.
Die ondernemende boer is mnr. Luigi Cantamessa van die plaas Rolyna by Leslie in Oos-Transvaal (nou Mpumalanga). Cantamessa, ’n opgeleide werktuigkundige, het die trekker wat hy na sy plaas, Rolyna, genoem het, self beplan en tuis gebou.Van die 16 trekkers in sy boerdery het hy reeds 6 self gebou. Die Rolyna beskou hy egter as die eerste tipies Suid-Afrikaanse trekker wat veral vir boerdery op die Hoerveld geskik is Hoewel die trekkier 12 000 pond (sowat 5 500kg) weeg, hanteer dit uiters lig. Die Leyland-Dieselengin van 145 perdekrag (sowat 107 kW) kan ‘n sesskaarploeg trek. Die ratkas kom van ‘n Gallion-padskraper. Dit het hom ses maande en R700 gekos om die trekker te bou. Na 1 000 werkure het dit nog geen herstelwerk nodig gehad nie. Cantamessa ‘n gelisenieerde handelsvlieenier, vlieginstruktuur by Delmas se vliegklub en vlieenier in die Suid-Afrikaanse lugmag tydens die Tweede Wereldoorlog, het ook sy eie tweesitplekvliegtuig eiehandig ontwerp en gebou. Die vliegtuig is deur die Afdeling Burgerlugvaart goedgekeur en het hom R1 200 gekos. Dit kan teen 130 myl/uur (sowat 215km/uur) vlieg en ses uur lank in die lug bly.

Daar is twee van Luigi se trekkers in die Willem Prinsloo Landboumuseum





## Noordwes Veteraan Trekker en enjinklub:

### MIELIE INRY 2015

Vanjaar se Mielie Inry was weereens 'n groot sukses. Hierdie tradisie is nou al langer as twee dekades een van die klub se gewildste aktiwiteite en word deur almal baie geniet. Die normale program is vanjaar effens gewysig. Nadat die mielies afgelaai is het die veterane nie 'n ruskans gekry om eers by die museum in Leeudoringsstad aan te doen vir 'n bring en braai en lekker saam kuier nie. Die bykans een en twintig kilometer terugtog is sommer dadelik weer aangepak. Dit het nogal baie voordeel ingehou veral vir die bestuurders om hulle lus vir 'n verversing eers bietjie in te hou totdat die ysters veilig gebêre is.
Die Klub het die byeenkoms vanjaar as geleentheid gebruik om by' 'n besluit tydens die Nasionale Klub vergadering in te pas om SAVTEK as organisasie meer volhoubaar te maak. Die bemarking van SAVTEK as organisasie, die belange van die jeug, werwing van nuwe lede en gesinsdeelname is van die punte wat inderdaad baat gevind het.
Die streek Schoonspruit wat deel vorm van die Suid Afrikaanse Woonwa Assosiasie het die naweek saam kom kamp en die aktiwiteite baie geniet.
Van ons nuwe lede wat die byeenkoms vir die eerste keer bygewoon het kon nie uitgepraat raak oor hulle ondervinding nie. Die jeug is ook ingespan om van die besoekers te vermaak met 'n paar trekker speletjies. Daar is tot laat gekuier by David en Bettie Roux wat die dag vir ons weereens moontlik gemaak het.

Andries Roux en David Roux organiseerders van die Mielie Inry





Ben Malan en Gawie Rowenhorst onderskeidelik op 'n John Deere 720 en 730








Daar was darem nie net John Deere’s te siene nie. Johann Gouws met ’n ongerestoureerde MF165  en Walter Barnard, een van ons nuwe lede, met David Roux se Farmall Super M. Walter is ’n groot Farmall liefhebber en het ’n paar Farmalls in sy versameling.
Johann Gouws probeer saam met die jeug kompeteer tydens die trekker speletjies.









Jaco Gouws vermaak die besoekers met wat eintlik nie met ’n trekker gedoen moet word nie.





Wat is trekker speletjies sonder ‘n bietjie toutrek.





Andries Roux tydens vanjaar se Mielie Inry



**NATIONALE SKOU 2015**


Die Suid-Afrikaanse Federasie van Veteraan-trekker-en-enjinklubs se Nasionale skou is vanjaar deur die Natal klub aangebied. Die skou het vanaf 24 tot 27 September by die Baynesfield Estate naby Pietermaritzburg plaasgevind.
Die beoordeling van trekkers en enjins was weereens van 'n baie hoe standaard en is deur die land se beste beoordelaars gedoen.
Jaco en Johann Gouws het die Noordwes Veteraan Trekker en Enjin Klub se naam hoog gehou tydens die geleentheid en met nie minder as vyf van die trekker klasse se trofees teruggekeer.
Jaco Gouws het met sy oorspronklike 1961 Massey Ferguson 35 klas TF vir ongerestoureerde trekkers vir die vyfde keer gewen. Hy het sy naam vir die eerste keer op hierdie trofee in 2007 geskryf toe die skou in Cradock plaasgevind het. Daarna was dit in 2009 in Clocolan , 2011 by die Willem Prinsloo Museum en 2013 in Villiersdorp.
Johann Gouws het die klas TE vir die beste gerestoureerde trekker 1961 tot 30 jaar oud met sy 1966 Massey Ferguson 135 gewen. Jaco het die tweede prys met sy 1963 Massey Ferguson 35x en Johann die derde prys met sy Massey Ferguson 35 verower.
Verder het die Gouwse klas TI vir die beste groep van twee trekkers van die selfde fabrikaat en reeks met 'n 1958 Massey Ferguson 65 en 1961 Massey Ferguson 35 gewen asook klas TJ vir die beste groep van drie trekkers van dieselfde fabrikaat maar verskillende modelle. Die groep het bestaan uit 'n 1966 Massey Ferguson 135, 1963 Massey Ferguson 35x en 'n 1958 Massey Ferguson 65. Rudolf Gouws het die Junior klas met 'n 1958 Massey Ferguson 65 gewen.
Die wenners van vanjaar se Caltex Delo kompetisie is ook tydens die skou aangewys. Dit is 'n landswye kompetisie wat Caltex vir die tweede agtereenvolgende jaar borg waar 'n groep leerders onder leiding van 'n mentor 'n veteraan trekker moet restoureer. 'n Werksboek wat die hele restourasie saamvat word eers beoordeel om die finaliste te bepaal. Nadat Jaco en Johann Gouws verlede jaar die eerste en tweede prys verower het in die kompetisie waar die wenners tydens die Nampo skou aangewys was het hulle besluit om weer elkeen 'n span in te skryf.
Hulle is saam met spanne van die Hoëveld asook die Noord Kaap as die vier finaliste aangewys. Na die finale beoordeling was die uitslag as volg: **Eerste** Johann en sy span wat bestaan uit Johann(jnr), Jannie en Liezel Gouws met 'n 1966 Massey Ferguson 135. **Tweede**

Jaco met Jaco(jnr), Ruben Rudolf en Nadine Gouws in die span met 'n 1958 Massey Ferguson 65. **Derde** Die Venter gesin van Hopetown met 'n Massey Ferguson FE 35 en **Vierde** Mark Hohls en sy span van Pretoria met 'n Fordson Dexta . Lesers kan meer hieroor sien op die Caltex Delo Tractor Restoration Competition blad op facebook.

Die Noordwes Veteraan Trekker en enjin klub het op Saterdag 21 November hulle jaareind afsluiting in Klerksdorp gehou. Tydens die geleentheid was n nuwe kompetisie soortgelyk aan die Delo kompetisie bekend gestel wat deur Engen geborg word.




Johann en Jaco Gouws met hulle spanne in die Delo kompetisie. Foto: Hennie Richter






A French policeman stops a car and asks the English gentleman inside if he has been drinking. With great difficulty, the Englishman admits that he has been drinking all day, that his daughter got married in the morning to a French man, and that he drank champagne and a few bottles of wine at the reception and quite a few glasses of single malt thereafter. Quite upset, the policeman precedes to alcotest (breathalyser) him and asks the Englishman if he knows under French Law why he has just been arrested. The Englishman answers with humour:  No! Do you know that this is a British car and that my wife is the driver... on the other side???